[3] N.G. Kerk Meyerspark – Weeklikse Individuele Bybelstudie uit die Psalms – Psalm 11

A. Inleiding

Psalm 11 is ŉ belydenis van vertroue in die vermoë en gewilligheid van die Here om ŉ oordeel te vel oor goddelose mense en so weer orde in ŉ chaotiese samelewing te bring. Dit is terselfdertyd ŉ gebed tot die Here om die psalmdigter se opregtheid raak te sien en hom van geweld en verdrukking te red. Die gebed wat hier begin, word eintlik in Psalms 12 en 13 voortgesit en eindelik in Psalm 14 afgesluit.

Op sy eie dien Psalm 11 verder ook om die regverdiges aan te moedig om te volhard en in die Here se liefde vir geregtigheid te vertrou. Die werkwoord “skuil” in vers 1 (in Hebreeus *gasah*) en die werkwoord “sien” in vers 7 (in Hebreeus *gazah*) vorm ŉ raam rondom die psalm en dra die boodskap: Hy of sy wat by die Here skuiling soek, sal die Here se aangesig sien (dieselfde boodskap is reeds in Ps 2:12, 5:12, en 7:2 teëgekom). Om die Here se aangesig te sien, beteken om in sy teenwoordigheid verwelkom te word.

In 11:1-3 hoor die leser die vrees van die opregte mense – die fondamente van die samelewing wankel, die goddelose val die opregte mense aan sonder om vergelding te vrees en daarom is sommige se raad dat ŉ mens liewer moet vlug. Psalm 11:4-7 is dan die psalmis se antwoord op hierdie raad: Die Here is gelyktydig in sy tempel en bo in die hemel. Hy sien alles wat mense aan mekaar doen. Vir die regverdiges is die tyd van swaarkry beproewing, maar hulle moet onthou dat die Here ŉ afkeer het in mense wat geweld beoefen. Daarom sal Hy hulle straf – vuur en swawel herinner aan die oordeel oor Sodom en Gomorra (Gen 19; sien ook Psalm 18:9; 120:4 en 140:11).

Daar is baie ooreenkomste tussen Psalm 7 en 11. Die gelowiges word in beide beskryf as opregte mense (7:11 en 11:2) en beide loop uit op ŉ belydenis dat die Here die regverdige regter oor die wêreld is wat mense toets en die regverdiges red (7:10 en 11:5).

Daar is riglynantwoorde aan die einde, maar probeer eers self die antwoorde verskaf. Die 1953-vertaling word hier gebruik, maar jy is welkom om ook ander vertalings te raadpleeg.

[1] VIR die musiekleier. 'n Psalm van Dawid.

By die Here skuil ek. Hoe kan julle dan vir my sê:
Vlug na julle berg soos 'n voël!
[2] Want kyk, die goddelose span die boog;
hulle het hul pyl op die snaar reggesit
om in die donker te skiet na die opregtes van hart.
[3] As die fondamente omgegooi word,
wat kan die regverdige doen?

4 Die Here is in sy heilige paleis;
die troon van die Here is in die hemel;
sy oë sien,
sy ooglede toets die mensekinders.
5 Die Here toets die regverdige;
maar die goddelose en die wat geweld liefhet
haat sy siel.
6 Hy sal op die goddelose vangnette laat reën,
vuur en swawel en 'n gloeiende wind
dit is die deel van hulle beker.
7 Want die Here is regverdig; Hy het geregtighede lief;
die opregtes sal sy aangesig sien.

B. Besprekingsvrae

1. Die sentrale bergreeks van Israel, asook die plato's aan weerskante van die Jordaanvallei, het grotte gehad waarheen vlugtelinge in tye van gevaar kon vlug. So het Dawid byvoorbeeld ook daarheen uitgewyk toe hy deur Saul bedreig is (lees 1 Sam 13:6; 14:22; 24:1, 23). 'n Duif kan teen omtrent 80-90 km per uur vlieg, en vers 1 beteken dus: "vlug so vinnig soos 'n voël kan vlieg!" Kyk ook na Ps 55:7-8. Die psalmdigter ken egter 'n ander berg waar daar beskerming is. Daar is 'n bedekte verwysing na hierdie berg in vers 1. Watter berg is dit? Kyk na Ps 2:6 en 3:5.

2. Die goddelose (Jode wat uit hebsug en gierigheid die Here en volksgenote verloën) maak jag op opregte gelowiges, mense wat aan die Here se voorskrifte getrou bly. Die "donker" is 'n tyd van onheil en gevaar (kyk na Ps 3:6 en 23:4). Watter "fondamente" is dit wat "omgegooi" word? Kyk na Ps 82:5.

3. Wat simboliseer die "troon" van die Here in die hemel (vers 4)? Kyk na Ps 9:5 en 8-9.

4. Watter stappe is daar volgens Ps 11:4-7 in die Here se proses van regspraak en oordeel? Ons lees veral in Jeremia van die Here se "siel", sy "wese" dus (vgl. Jer 5:9; 6:8; 9:8; 14:19; 15:1; 51:4). Die "geweld" wat die Here haat, verwys na brutaliteit van magtige en ryk mense teenoor mense sonder regte, arm maar opregte mense wat uitgebuit word. Die Here se nuwe skepping sal nie sulke geweld ken nie – vgl. Jes 60:18.

5. Vir "opregtes" en "regverdiges" bevat Psalm 11 'n belofte van herstel, ingryping, beskerming. Vir mense wat "geweld liefhet" of dit toelaat, bevat die psalm 'n waarskuwing. Dink goed na tot watter groep jy behoort, en reageer daarop: Met dank en aanbidding, of deur besinning en ommekeer.

C. Riglynantwoorde

1. Dit is die berg Sion, die tempelberg, waar God beskerming bied. ’n Mens hoef natuurlik nie by die tempel te wees om God se beskerming te geniet nie. Volgens Ps 34:19 is die Here by die gebrokenes van hart – die deemoediges wat weet hoe afhanklik hulle van Hom is.
2. Dit is die fondamente van die aarde. Volgens die antieke wêreldbeeld het die plat aardskyf op pilare gestaan. Aardbewings was wanneer hierdie pilare wankel en dit het chaos beteken. As die fondamente omgegooi word, is dus ’n metafoor vir chaos, in hierdie geval omdat onreg nie gestraf word nie.

3. Die troon van die Here is sy regterstoel. As regter is Hy onfeilbaar regverdig.

4. Vanuit sy hoë troon kan Hy elke mens sien. Die eerste stap is waarneming wat mense doen, veral wat hulle aan mekaar doen. Hy “toets” (soos om metaal se suiwerheid te toets) regverdiges, maar neem kennis van mense wat geweld liefhet. Die laaste stap is sy oordeel, soos Hy Sodom en Gomorra geoordeel het, maar genade betoon het aan die regverdiges. Aan hulle word reg verskaf, want hulle mag sy “aangesig sien”.